# SABoerperd

*The Ideal Sporting & Pleasure Horse*

www.saboerperd.com

# STOET PROFIEL / STUD PROFILE
# LANGSIG
## SWELLENDAM

**EIENAAR / OWNER: JOHANNES LANGENHOVEN**
**JAAR VAN REGISTRASIE / YEAR OF REGISTRATIONS: 2003**
**KONTAK BESONDERHEDE / CONTACT DETAILS: Sel: 083 3140913**

**HOEKOM HET JY DIE STOET BEGIN? / WHY DID YOU START THE STUD?**
**Ons het eers op hoërskool begin perdry en later nadat ons kinders begin skoolgaan het weer Nooitgedagterperdjies aangeskaf vir plesierritte en ook dikwels vakansietoere met hul onderneem.**

**MET WATTER PERDE HET JY BEGIN? / WITH WHICH HORSES DID YOU START?**
**Die SA Boerperde het ons oog gevang a.g.v. die breë spektrum van tipe en meerdoelligheid. Ons kon dus perde uitkies wat by ons omgewing pas en tersefdertyd 'n geregistreerde perd teel wat mooi, doeltreffend en verkoopbaar is. Ons het begin met merries uit die Roemryk en Burgerstrots stoete en later Vlaampiesbloed ingebring omdat die beweging voorkeur was.**

**VISIE & MISSIE / VISION & MISSION**
**'n Teler behoord 'n perd te teel sonder gebreke wat dus langtermyn diens kan lewer aan 'n spesifieke sport of voorkeur aktiwiteit wat bepaal sal word deur sy konformasie.**

**TOEKOMSPLANNE / FUTURE PLANS**
**Die LANGSIG prentjie begin nou na 16 jaar mooi vorm aanneem en as ons nog jong ruiters kan vorm en toerus met perde wat kan presteer, maar veral vreugde gee het ons in ons doel geslaag.**

**STOET AKTIWITEITE & BETROKKENHEID / STUD ACTIVITIES & INVOLVEMENT**
**Die stoet wat sy naam ontleen van die uitsig van die plaas BERGSIG aan die voet van die LANGEBERGE neem volstoom deel aan landbouskoue op die dorpe rondom Swellendam waar die geskiedenis van die SA Boerperd sy eerste treë gegee het, maar ons toer maklik oor die berg in die Karoo of doen 'n dagrit langs die see. Om ons te meet aan die beste, maar veral die mense van die SA Boerperd familie te leer ken pak ons jaarliks die 1300km aan na die Nasionale kampioenskappe.**

**ANDER / OTHER**
**Om met perde te werk leer jou getrouheid, gee jou die geleentheid om 'n gelukkige self te wees, maar laat jou nooit toe om groter as die wette van LIEFDE te word nie!**
**As jy nog getwyfel het kry vir jou ook 'n SA Boerperd!**

**FOTO'S / PHOTOGRAPHS**







